# DIE VRYSTAATSE BOOM NOGMAALS

*Inleiding*

Alvorens ek by die hoofargument i.s. die Vrystaatse wapen kom, nl. wat die aard van die boom daarop is en wat die tradisie daaraan verbonde is al dan nie, moet ek my eers teen 'n paar sydelingse beweringe en stellinge van mnr. Pama in sy artikel *Die Vrystaatse Boom Revivit*[1] verweer. Dit is met hierdie bykomstighede wat mnr. Pama m.i. 'n rookskerm wou opwerp om sy yle verdediging teen die hoofargument te probeer versluier.

1. Ek moet die feit ten sterkste laak dat mnr. Pama sake in die tweede laaste paragraaf van sy samevatting en in voetnote 33 en 35 oprakel wat m.i. nie net *sub judice* is nie, maar wat in alle billikheid buite *Historia* aan die adres van die Vrystaatse Provinsiale Administrasie gerig moes gewees het. Teen sulke „steke", wat met die historiese feite i.v.m. die wapen niks te make het nie, kan ek my nie verweer nie, omdat ek nie kennis dra van die owerheidsprosedures wat gevolg is na die inhandiging van my verslag nie. As mnr. Pama klaarblyklik oor dié soort inligting beskik, ek nie. Vir my kom dit as wilde uitlegte van sy kant voor. Dit voer die saak na 'n terrein wat ek nog nie betree het nie en op geen stadium ooit wil betree nie. Verskoon tog as ek nie politieke suurlemoensap by my geskiedsbeoefening, wat slegs die historiese waarheid beoog, wil laat deurloop nie.[2]

2. Waar mnr. Pama my en ander se poging tot 'n objektiewe benadering van die saak eiesinnig onder 'n kategorie van „gemoedere wat intens beroer is"[3] wil plaas, of skimp dat ek en ander by-motiewe as die historiese uiteensetting van die saak in die mou voer, skep hy nou beslis die indruk of hy agter die deur staan en my ook daar wil soek.

3. Dat mnr. Pama besonder gevoelig is dat ek sy beweringe, wat volgens hom „op verskillende vlakke lê teen mekaar probeer uit(speel)"[4] kan ek goed begryp, want hulle klop nie! Maar die historiese metode sluit nie die oë vir die feit dat 'n mens in mindere bronne historiese feite anders mag stel as in meerdere bronne nie. Wat in mnr. Pama se naam geskrywe staan, staan geskrywe en of hy nou die historiese waarheid óf vir volwassenes, óf vir jongmense skeef wil voorstel, dit staan op presies dieselfde vlak.

1. *Historia*, Jaargang VII, No. 1, p. 3.
2. Terwille van die leser moet die feit herhaal word dat die Vrystaatse Administrateur my en lede van die Geskiedenis Departement van die U.O.V.S. as kontrolepersone versoek het om 'n verslag oor die *historiese* feite aangaande die boom op die Vrystaatse wapen op te stel, in so verre as wat die Provinsie deur 'n lemoenboom in die staatswapen gesimboliseer word. Die verslag is ingelewer en wat die uitwerking of gevolge daarvan was, is aan my en die mede-ondertekenaars nie meegedeel nie. Nadat mnr. Pama sy artikel in *Historia* van Junie 1961 geplaas het, het ek dit goed gedink om hom na aanleiding van die verslag van 'n antwoord te bedien. Vandaar dat amptelike toestemming van die Administrateur gevra en verkry is om dit te gebruik. Enige ander motiewe of uitvloeisels wat mnr. Pama via die verslag aan persone wil toedig, ag ek benede die vlak waarop hierdie polemiek gevoer moet word.
3. *Historia*, p. 3 Tensy anders vermeld, verwys *Historia* telkens na mnr. Pama se artikel in voetnoot 1 hierbo.
4. Ibid. vn. 2.

4. Hoekom is mnr. Pama so onbillik oor die aanhaling (nie „aanhalings" soos hy ten onregte beweer nie)[5] wat ek uit ons private korrespondensie gebruik het? Ek het daaruit niks inkriminerend teen hom opgehaal nie, maar slegs in alle billikheid sy eie metode van die bestudering van foto-afdrukke van heraldiese wapens na vore gebring.[6] As mnr. Pama dáárteen beswaar het, vra ek om verskoning.

5. Wat die standpunt en oogmerke van die heraldiek ook al mag wees, het ek vrede mee, maar as die heraldiek, of laat dit liewer gestel word, as die vertolkers en aanhangers daarvan historiese feite misken of verdraai om by bepaalde subjektiewe heraldiese uitlegte in te pas, moet die historikus sy stem verhef. As mnr. Pama nou my argumente met 'n „kwasi-juridiese betoogtrant" wil stigmatiseer omdat ek nie volgens die reëls van die heraldiese spel (ek huiwer om dit 'n wetenskap te noem) speel nie, laat dit my volkome koud, want vir my gaan dit om die historiese waarheid wat bo alle heraldiese reëls en standpunte uitstyg. Oor die heraldiese korrektheid van die Vrystaatse wapen en die vertolking van wat 'n boom byvoorbeeld in die heraldiek simboliseer, het dit vir my eintlik nooit gegaan nie, maar wel om die historiese gewordenheid van die Vrystaatse wapen. In dié opsig het die historikus geen ander weg om te volg as die geykte metodes van sy vak nie, wat hom o.m. die reg verleen om aan te toon waar 'n amptelike staatswapen 'n ongehoorde metamorfose, sonder enige juridiese of wetlike regverdiging, ondergaan.[6a]

As die wetenskaplike historiese metode wat ek probeer toepas het, nie strook met wat mnr. Pama my sogenaamde „onheraldiese metode van ondersoek" noem nie, is ek allermins daaroor ontstel, want ek herhaal met nadruk dat ek en ander dit nie oor 'n heraldiese ondersoek het nie, maar wel oor 'n *historiese* ondersoek *hoe* die Vrystaatse wapen ten opsigte van die boom aan verminking onderwerp is. Om dié rede maak ek en ander beswaar dat heraldici op historiese gronde 'n „oranjeboom" op die Vrystaatse wapen wil regverdig en op dieselfde gronde vir die behoud daarvan in die huidige staatswapen pleit. As heraldici bv. sou toegee dat dit histories onjuis is dat 'n lemoenboom[6b] op die staatswapen pryk, gee ek goedskiks toe dat dit

5. Ibid.
6. Vgl. *Historia*, Jaargang VI, No. 3, p. 192, voetnoot 79.
6a. As wetgewende besluite nie vir die heraldiek te pas kom nie en veral nie die krag van argument in heraldiese bewysvoering het nie, kan 'n mens begryp waarom die heraldiek, naas ander dinge, so in teenstrydighede verval. Aan die ander kant, moet 'n mens daarop wys dat die heraldiek darem altyd sy eie reëls en gebruike met die mantel van regsprekende gesag beklee. Dit wil my in ieder geval voorkom asof ons toekomstige Heraldiese Buro voor 'n dilemma te staan gaan kom. Volgens mnr. Pama is die Vrystaatse wapen 'n „onheraldiese wapen" maar die Londense College of Arms het dit tog as wapen erken. Word dit nou met so 'n besluit heraldies? Indien nie, dan wil dit my voorkom asof sulke liggame ook soos gesaghebbende historici foute kan maak. Gaan ons Buro die fout herhaal, of is sy maatstawwe ook so rekbaar dat die huidige Vrystaatse Provinsiale „onheraldiese" wapen sy sertifikaat sal ontvang? Ek kan begryp dat van juridiese standpunt gesien 'n vreemde situasie ontstaan omdat 'n onheraldiese wapen heraldies erken kan word, maar die fout lê dan nie aan die juridiese kant nie, maar aan die heraldiese kant. Dit raak bra verwarrend, maar so is die heraldiek glo!
6b. Ten spyte van alles wat mnr. Pama aangevoer het, het hy my nog geensins oortuig dat daar iets anders as 'n lemoenboom op die staatswapen pryk nie.

volgens die heraldiese standpunt 'n voortsetting kan regverdig, maar hier lê die eintlike grond van verskil tussen my en mnr. Pama, nl. of 'n mens die knie voor die eise van die heraldiek (wat glo nie onbuigsaam is nie) eerder as historiese feite (wat nooit te buig is nie) moet buig. Dit gaan nie, soos hy beweer, om sy heraldiese standpunt en my sogenaamde „kwasi-betoogtrant", waarbinne hy al my argumente wil inklee nie. As mnr. Pama egter volhou dat ek die heraldiek deur 'n „onheraldiese uitgangspunt" vermink het, gee dit hom allermins die reg om met onhistoriese argumente sy heraldiese standpunt te regverdig nie.

*Hoofargument*

My betoog het op die volgende neergekom:[7]

1. Daar het nóg op die Vrystaatse Grootseël van 1855-1856, nóg op die Grootseël van 1891,[8] nóg op die amptelike wapen van die Oranje-Vrystaat sedert die wapen se totstandkoming in 1856 tot 1902 enige vrugte op die boom voorgekom.
2. Die vrugdraende *lemoenboom* wat sedert 1891 op nie-amptelike wapens, o.m. op openbare geboue voorkom[9], is logies te verklaar. Toe die kunsskilder Hochapfel, na aanleiding van die vrugdraende lemoenboom op die Vrystaatse posseël vrugte op die afbeeldings van die wapen aangebring het, is die fout uiteindelik in een van die kwartiere van die Uniewapen voortgesit.
3. Die *oranjeboom,* wat aan die Nederlandse tradisie verbonde is, het nooit by enige geleentheid amptelik of nie-amptelik in die Vrystaat op die wapen gepryk nie, en is daar nie die geringste bewys dat daar ooit 'n oranjeboom-tradisie onder die burgers van die Oranje-Vrystaat bestaan het nie.

Niks wat mnr. Pama in sy jongste artikel aangevoer het, het m.i. die teendeel van hierdie stellinge bewys nie, en sou ek daarby kon volstaan, maar ten einde die hele saak uit te stryk, moet ek tog die gesaghebbendheid van sy historiese teen-bewyse ontleed.

(a) Mnr. Pama is klaarblyklik erg gevoelig oor my adjektief „Nederlands", net asof ek die getuienisse wat ek daaronder gegroepeer het as „swart skape" wou uitmaak. Daar word niks neerhalends mee bedoel nie, maar is slegs 'n praktiese of gerieflike aanduiding van daardie Nederlanders wat met die oranjeboom tradisie in Nederland ten volle vertroud was, en daarom heel vergeefbaar hulle kon vergis met die aard van die boom op die Vrystaatse wapen. As daar, ten spyte van wat ek in punt 3 hierbo

7. Vgl. *Historia,* Jaargang VI, No. 3, p. 171 et seq.
8. Die stempels van die seël wat in die Vrystaatse Argief berus, het mnr. Pama nog nooit persoonlik ondersoek nie, maar dit verhoed hom nie om sonder krag te verklaar dat dit wel vrugte vertoon nie. Ek en ander beweer nog steeds die teendeel. (Vgl. *Historia,* p. 11 vir mnr. Pama se verklaring, asook vn. 34 waar mnr. Pama nou sy vrugte so wil verklein dat dit op die grens van die sigbare en onsigbare wankel. Terloops, ons Suid-Afrikaanse mimosabome dra glo peule, van „goue of geel vrugte" het ek nog nooit gehoor nie.
9. Mnr. Pama het nog nie verklaar waarom die wapen in sterk reliëf op die hoeksteen van die Bloemfonteinse poskantoor van 1891 geen vrugte vertoon nie.

genoem het, wel nog iets van 'n oranjeboom-tradisie in die Vrystaat sou aangedui kan word, sou dit om verklaarbare redes slegs onder 'n klompie Nederlanders te vinde gewees het. Die enigste bewuste oranjeboom-aanhangers skyn my drs. Muller, Godée Molsbergen, C. F. Beyers en mnr. Pama te wees. Dat drie van hulle Nederlanders is, is miskien ook psigologies te verklaar net soos mnr. Pama Hochapfel se verklaring psigologies dreigend wou verklaar.

As daar m.i. 'n „sondebok" vir die oranjeboom-gedagte aangewys moet word, dan kan dit slegs op dr. H. P. N. Muller vasgepen word, want alle ander getuienisse wat by hom aansluit (hulle is tot dusver net twee met Theal as 'n moontlike derde), is na alle waarskynlikheid deur sy gegewens beïnvloed. Mnr. Pama het absoluut niks nuuts tuisgebring deur aan te toon dat Muller Hamelberg se nagelate stukke by die skryf van sy *Oude Tijden in den Oranje-Vrijstaat* (1907) gebruik het nie. Mnr. Pama lok my egter uit om te beweer dat hy, van alle mense as Nederlander, die ondertitel se Nederlands *wel* verkeerd interpreteer as hy beweer dat „al Muller se informasie aan Hamelberg" ontleen is.[10] Lees maar wat dr. F. J. du Toit Spies in sy werk *'n Nederlander in Diens van die Oranje-Vrystaat* (1946) oor *Oude Tijden* . . . op p. 250 te sê het Ek haal aan: „Hy (Muller) neem die dagboek as basis vir die tekening van die figuur Hamelberg, en die se plek in die geskiedenis van die Oranje-Vrystaat. Maar die boek behels veel meer. Vireers is daar 'n breedopgesette aanloop oor die voorgeskiedenis van die Staat; en daarna 'n uitvoerige bespreking van die moeilikhede waarmee die eerste presidente te kampe gehad het . . ." ens. Of as dit nie mnr. Pama oortuig nie, moet hy net die voetnote van die werk nagaan om homself te oortuig hoeveel bykomende bronne Muller geraadpleeg het. Afgesien van die feit dat mnr. Pama die bydrae van Muller tot die werk verkleineer, wil hy op grond van 'n verkeerde vertolking van die ondertitel aanvoer dat Hamelberg, wat die oranjeboom-bewering betref, Muller se enigste gesagsbron was. En dan kom mnr. Pama en verklaar ewe outoritatief: „Ons kan die saak vir die vertolking van die boom as 'n oranjeboom hiermee dus afsluit."[11] As mnr. Pama nie reeds van die feit bewus is nie, moet minstens die leser daarop gewys word dat Hamelberg se argief by die Muller-versameling geïnkorporeer is en berus dit tans in die Vrystaatse Argief. Nog ek, nog ander wat die versameling deurgewerk het, kon iewers in Hamelberg se stukke 'n verwysing na 'n oranjeboom vind, wat nog te sê dat hy Muller se gesagsbron daaroor was. Dat Hamelberg nie altyd so gesaghebbend oor Vrystaatse sake was as wat mnr. Pama suggereer nie, sou nie moeilik wees om te bewys nie, maar sy gesaghebbendheid is nie nou hier ter sprake nie, want hy het hom nie, so ver vasgestel kan word, in enige dokument, wat vir ons behoue gebly het, hom oor die wapen uitgelaat nie.

Waar Hamelberg as getuienis vir die oranjeboom wegval, is Muller die enigste getuienis wat persoonlike kontak met die Vrystaatse republiek gehad het, wat na die boom op die wapen as 'n oranjeboom verwys, en dit eers

10. *Historia*, p. 7.
11. Ibid.

in die jare 1905-1907.[12] Muller het in 1883 'n vlugtige besoek aan die Vrystaat afgelê en weer in 1898 toe Hochapfel se lemoenboom-skeppinge oral gepryk het. Dit is dus heel logies dat hy as Nederlander hierdie lemoenbome as oranjebome sou gesien het en dit later só sou beskryf het. Hy het Hamelberg se gesag daarvoor gladnie nodig gehad nie.

Mnr. Pama het daarby ook 'n totaal verkeerde opvatting van hoe die historiese kritiek toegepas word as hy van oordeel is dat, omdat ek Muller se getuienis op een plek in twyfel trek, ek hom in ander opsigte nie as gesagsbron mag erken nie. Mnr. Pama noem dit „net in die verbygaan,"[13] maar hy moenie klappe in die verbygaan uitdeel nie, hy loop gevaar om daardeur in die wind te slaan.

(b) Mnr. Pama is ook iemand wat 'n bord darem kwaai vol kan skep. Omdat ek Godée Molsbergen se gesaghebbendheid oor die oranjeboom-teorie onder stok bring, het ek nou kwansuis, by implikasie, sy ganse integriteit as historikus aangetas. As ek die „badwater" van sy argument oor die oranjeboom, wat hy na alle waarskynlikheid aan Muller ontleen het, by die deur uitgegooi het, het ek daarmee nog nie die „baba" ook uitgegooi nie.[14]

Molsbergen wie se studie oor die voorgeskiedenis van die Vrystaatse wapen gegaan het, gee nêrens blyke dat hy ooit die Grootseëls of wapenvoorbeelde in die Vrystaat persoonlik ondersoek het nie, maar volgens diegene wat hom geken het, sou hy die eerste wees om sy standpunt te wysig as die volle stel feite aan hom voorgelê was. Mnr. Pama wil egter my uitspraak oor Molsbergen se getuienis sonder meer afmaak omdat ek nie in Den Haag sy getuienis en bronne ondersoek het nie. Mnr. Pama het dit glo wel gedoen, maar niks daarin gevind wat die oranjeboom-teorie die minste kon bevestig nie. Sodoende is die algemene vermoede net versterk dat daar nie sodanige bewyse bestaan nie. Mnr. Pama behoort ook billik te wees en te erken dat ek teenoor hom van die moontlikheid gewag gemaak het van Nederlandse bronne wat moontlike lig op die boom-polemiek kon werp. Hoe dit ook al sy, alles wat mnr. Pama oor Molsbergen aangevoer het, het nog nie sy gesag as oranjeboom-getuienis verhoog nie.

(c) Joseph Joûbert het as gesagsbron weinig om die lyf, want dit word nie gesê vanwaar hy sy gegewens probeer inwin het nie. As dit gedurende die oorlogsjare van 1899-1902 was, is dit tien-teen-een dat hy dit van die Vrystaatse Konsul-generaal in Nederland, dr. Muller, ontvang het, en dit bring ons presies waar ons was. Die moontlikheid is ook nie uitgesluit dat 'n Hochapfel-afbeelding van die wapen in sy hande kon beland het nie, en as heraldikus sou hy sekerlik die boom met goue vrugte as 'n oranjeboom vertolk. Dat Joûbert waarskynlik 'n verminkte wapen as voorbeeld gehad het, blyk uit die feit dat die stam van die boom ook goudkleurig was.[15]

(d) Met Theal as getuienis het mnr. Pama dit beslis minder gelukkig getref en sal hy na die lees van die volgende twee paragrawe van sy woorde

12. Muller, H. P. N., *Oude Tijden in den Oranje-Vrystaat* . . . (Leiden, 1907), p. 52.
13. *Historia*, p. 7.
14. 'n Mens sou ook op ander foute in Molsbergen se artikel kon wys, o.m. die bewering dat J. N. Boshof 'n „procureur te Graaff Reinet" was.
15. *Historia*, p. 9.

moet terugtrek. Voordat mnr. Pama my weer dalk van geringskatting van Theal se hoedanighede as historikus beskuldig, laat ek hom verseker dat ek nie vir 'n oomblik hierdie baanbreker-historikus se integriteit in twyfel trek nie, maar as mens was hy ook feilbaar, soos talle historici al op verskeie plekke daarop gewys het dat sy beweringe en gegewens nie altyd sonder meer aanvaar kan word nie. Geen historikus, self die beroemde Leopold von Ranke se beweringe is onaantasbaar nie.

In Theal se werk, *History of South Africa. The Republics and Native Territories from 1854 to 1872,* wat in *1889* deur die firma Swan Sonnenschein in Londen uitgegee is, lees ons die volgende: „The coat of arms bore as a shield the tree of liberty, with a lion beneath it on one side and some sheep on the other; in the foreground was a waggon, and at the points of the shield were three powder horns (sic!); the mottos were freedom, patience and courage, immigration."[16] Dus geen woord oor 'n oranjeboom nie, maar slegs „a tree of liberty"!

Theal wat persoonlik met dr. Muller bevriend was en vóór die Anglo-Boere-oorlog in Nederland in samewerking met Muller navorsingswerk gedoen het,[17] het klaarblyklik op grond van gegewens wat hy intussen van Muller kon ontvang het, tot ander insigte gekom en die wapen in die uitgawe, waaruit mnr. Pama aanhaal en in 1908 uitgegee, as volg beskryf: „A coat of arms designed by the king (Willem III) could not be adopted, because one had already been engraved and used as a public seal. This had upon it an orange tree with the word Vrijheid (liberty) above it . . ." ens. Hy korrigeer homself deur ook nou van „three hunting horns" i.p.v. kruithorings melding te maak.[18]

Uit hierdie twee weersprekende beskrywinge van Theal kan ons die volgende aflei:

(i) In 1889 of vóór hierdie datum het Theal 'n wapen van die Oranje-Vrystaat voor hom gehad wat geen vrugte daarop vertoon het nie, vandaar dat hy dit eenvoudig „a tree of liberty" noem. Dit bevestig opnuut my stelling dat daar vóór 1891 nie voorbeelde van vrugdraende bome op die Vrystaatse wapen bestaan nie.

(ii) Nadat Hochapfel ná 1891 lemoene aan die boom aangebring het, is Theal óf persoonlik óf skriftelik deur Muller se eie bevindinge (wat uiteindelik in 1907 in *Oude Tijden* . . . afgedruk staan) beïnvloed, óf deur 'n foutiewe Hochapfel-wapen mislei,[19] toe hy in laasgenoemde geval onafhanklik van Muller tot die gevolgtrekking gekom het dat dit 'n „orange tree" moet wees, wat in Engels natuurlik niks anders as 'n lemoenboom beteken

16. P. 40 van die aangehaalde werk.
17. Spies, F. J. du Toit, *'n Nederlander in diens van die O.V.S.* (Amsterdam, 1946), p. 205.
18. Pp. 42-43. Hierdie uitgawe, deel IV van die reeks oor Suid-Afrika, is sogenaamd die 2de druk wat in Desember 1908 uitgegee is. Die 1ste druk, d.w.s. van die reeks, het in Julie 1904 verskyn. Die 3de druk van die reeks het in April 1916 verskyn en in deel III (pp. 430-431) word sy gewysigde beskrywing van die wapen net so herhaal.
19. Ek kon tot dusver geen getuienis vind dat Theal ooit Bloemfontein besoek en persoonlik die wapenvoorbeelde alhier ondersoek het nie.

nie. Hierdie moontlikheid dat Theal onafhanklik van Muller die boom as vrugdraend beskryf, moet nie uitgesluit word nie, want dit is opvallend dat hy sy „orange tree" hoegenaamd nie aan die Huis van Oranje koppel nie. Andersyds is sy uiteensetting van die ontstaansgeskiedenis van die Vrystaatse vlag en wapen so sterk in ooreenstemming met Muller dat dit sterk daarop dui dat hy die gegewens van hom kon ontleen het.[20]

(e) Mnr. Pama trap ook 'n stel af waar hy in 'n voetnoot J. H. Malan as 'n gesagsbron aanhaal.[21] Malan se werk, *Die Opkoms van 'n Republiek*, het al by meeste historici 'n klassieke voorbeeld geword van hoe onnadenkend en subjektief 'n mens historiese feite kan verwerk. Malan het ook vir dr. Muller as bron gehad.[22] Maar dit alles daargelaat. Dit is merkwaardig dat mnr. Malan etlike jare gelede teenoor my met die hoogste waardering van die skerpsinnigheid gewag gemaak het van diegene wat aangetoon het dat daar geen vrugdraende boom op die amptelike wapen van die Vrystaat voorgekom het nie.[23] Tydens die onthulling in *Die Volksblad* was mnr. Malan nog aan die blad as joernalis verbonde of moontlik al in 'n tydelike hoedanigheid by die Vrystaatse Argief werksaam, vanwaar die onthulling gekom het. As iemand wat by alle ander geleenthede graag die pen oor historiese sake en twispunte opgeneem het, is dit opvallend dat daar oor hierdie saak geen teenspraak van hom êrens verskyn het nie.

(f) Dit is te begrype dat mnr. Pama nog steeds swaar aan Hochapfel se getuienis bly sluk, omdat dit die boom van sy argumente uitslaan. Al verweer wat hy daarteen het, is dat Hochapfel by die aflê daarvan oud en afgeleef was. Die teregwysing, wat op ander plekke nog snediger van aard was, nl. dat „getuienis van oumense met die grootste versigtigheid gebruik moet word,"[24] is 'n goue reël in die historiese metodiek wat ek en ander nie verontagsaam het nie. Daar is op die versigtigheidsaspek gelet en waar Hochapfel se getuienis op ander plekke deur onafhanklike getuienisse ondubbelsinnig bevestig word, is daar hoegenaamd geen rede waarom die res van sy getuienis oor die aanbring van lemoene op die boom geheel en al verwerp moet word, soos mnr. Pama dit wil doen nie.[25] Om nou die „oud en afgeleefde" Hochapfel teen 'n battery van gesaghebbendes soos Hamelberg (wat niks oor die saak te sê gehad het nie), Muller (wat op eie houtjie 'n oranje boom-tradisie die wêreld ingestuur het), Molsbergen (wat hom nagevolg het) en Theal (wat of deur Hochapfel se eie skeppinge óf deur Muller

20. Dit het my nog nie geluk om die 1ste uitgaaf van die reeks, wat in Julie 1904 uitgegee is, te bekom nie, ten einde vas te stel of Theal reeds daarin sy beskrywing van 1889 gewysig het al dan nie. Aan die argument sal dit egter nie veel verskil maak nie, hoewel dit dan beteken dat Theal so ver as wat gegewens tans beskikbaar is, histories die eerste persoon is wat op skrif na die boom op die Vrystaatse wapen as 'n „orange tree" verwys het. Terloops, as ek die woord „ontleen" in die teks gebruik dan bedoel ek nie dat Theal „net afskryf wat ander beweer nie", (vgl. mnr. Pama *Historia*, p. 9) maar maak hy van 'n algemene historiese metode gebruik wat mnr. Pama sowel as ek by herhaling aanwend.
21. *Historia*, p. 9, vn. 27.
22. Malan, J. H., *Die Opkoms van 'n Republiek* (Bloemfontein, 1928), p. 508.
23. *Historia*, Jaargang VI, No. 3, p. 172, vn. 4.
24. *Historia*, p. 9.
25. Die leser word versoek om weer eens my gronde van Hochapfel se betroubaarheid

beïnvloed kon gewees het) op te weeg, moet hom miskien vir die gewone leser as 'n patetiese figuur laat voorkom, maar dié historiese metode gaan net soos die regspraak te werk en aanvaar Hochapfel se getuienis as betroubaar solank daar niks tot die teendeel daarvan ingebring kan word nie. Mnr. Pama in die rol van kroonvervolger kon nog net sy „hoë ouderdom" teen hom inbring, *en* verder skimpe soos die volgende: Hochapfel sou sy verklaringe „met 'n spesiale doel gedoen"[26] het, en „daar is natuurlik 'n interessante psigologiese verklaring vir sy bewering . . ." ens.[27] Mnr. Pama moet onthou dat Hochapfel nie verklaringe gemaak het om 'n oranjeboom-tradisie te verwerp nie, maar slegs om die feit te bevestig dat hy die oorsaak daarvan was dat daar foutiewelik lemoene op die boom aangebring is. Op sy beskeie manier maak hy ook nog verskoning dat hy vir die fout verantwoordelik was.[28]

(g) Om my bewysvoering teenoor die Vrystaatse regering as grotesk en gesog voor te stel,[29] is slegs 'n bewys van mnr. Pama se gebrekkige kennis van die staatsregtelike, wetgewende, administratiewe aangeleenthede en ander toestande in die Boere-republieke. 'n Mens sou bladsye kon vul om aan te toon hoe onnadenkend die Vrystaatse sowel as die Transvaalse regerings (dit sluit presidente, staats- en goewermentsekretarisse, hoë amptenare, volksraadslede, landdroste, ens. in) werklik teenoor sake gestaan het, veral waar hierdie sake nie hulle daaglike lewensbestaan geraak of absolute juridiese korrektheid vereis het nie. 'n Mens sou bladsye van sulke voorbeelde kon vul, maar laat ons ons slegs beperk by 'n konkrete en verwante voorbeeld. In die Bloemfonteinse museums pryk verskillende gedrogte wat die Vrystaters as hulle vlag beskou het, veral toe hulle die slagvelde van 1899-1902 betree het, en ek is daarvan oortuig dat pres. Steyn nêrens die woorde: „Wel, wel!" laat val het nie. Vir heraldiese korrektheid het niemand in daardie dae 'n sent omgegee nie en vandaar dat daar foute ingesluip het wat nie hulle aandag geniet het nie. Laat ek net daaraan toevoeg dat toe die fout in die wapen ingesluip het, het hulle dit nie op grond van 'n oranjeboom-tradisie toegelaat nie.

(h) Wat die houtsneewapen van Spruijt betref, die volgende: wat die reliëf van die wapen aangaan, word daar verniet na vrugte gesoek, en as Spruijt van oordeel was dat hulle op die boom voorkom, hoekom het hy hulle nie in reliëf aangebring net soos hy ander fynere detail (die ketting

op pp. 194-195 van *Historia*, Jaargang VI, No. 3 te lees.

26. Pama in *Die Volksblad*, 22.3.1961.
27. *Historia*, p. 10. Op grond van wat dr. Spies in sy werk oor dr. Muller, *op cit.*, pp. 77-79, oor hierdie Nederlander skryf, sou ek ewe maklik kon skimp dat hy opsetlik die woord „oranjeboom" gebruik het en dat hy selfs verder gegaan het, deur met voorbedagte rade daaraan toe te voeg, dat dit wys „op den staatsnaam en op de hoog te houden vrijheid" (Vgl. Muller, op. cit.. p. 52), net om daardeur die Nederlandse tradisie opnuut onder die Vrystaters (of Suid-Afrikaners) se neuse in te vryf. Hoewel daar gronde vir Muller is om die Nederlandse verbintenisse met Suid-Afrika na 1902 staande te probeer hou, aanvaar ek skimploos dat Muller eenvoudig deur Hochapfel se foutiewe afbeeldinge mislei is en dit logies in verband met die oranjeboom van sy eie land gebring het.
28. Vgl. *Historia*, Jaargang VI, No. 3, p. 184.
29. *Historia*, p. 10.

van die wa bv.) aangebring het nie? Die wapen is wel oorgeskilder, maar eers nadat dit baie jare lank in sy oorspronklike staat soos dit in 1938 vanuit sy „bannelingskap" uit Londen teruggebring is, in die Raadsaal gepryk het. Pogings word intussen aangewend om vas te stel deur wie en wanneer dit oorgeskilder is, maar intussen is daar honderde ooggetuies wat kan getuig dat daar nooit oranjekleurige of goudkleurige vrugte op die boom geskilder was nie.[30] Waar mnr. Pama erken het dat minstens die eerste Grootseël van 1856 se boom geen vrugte vertoon nie, waarom wil hy hulle op hierdie houtsneewapen van dieselfde jare glad onder die verf suggereer?

(i) Op grond van die sestal voorbeelde wat mnr. Pama aanhaal, word juis aan die historikus alle reg verleen om op die historiese anomalië daarvan te wys, en staan dit boonop enige persoon vry om vir 'n korrekte voorstelling daarvan te pleit.[31] Dit is meer die geval wat die Vrystaatse wapen betref, waar 'n lemoenboom reëel of tradisioneel weinig of niks met die Vrystaat te make het nie en nou as simbool van die provinsie op die staatswapen pryk. Omdat mnr. Pama heel gelukkig is oor die feit dat die foutiewe lemoenboom in die wapen vir hom 'n oranjeboom plus sy tradisie simboliseer, word nou die reg aan ander ontsê om die saak vir 'n korrekte simbool vir die Vrystaat te stel of te bepleit. Mnr. Pama wys daarop dat in 1930 na „'n groot bohaai"[32] die vorm van die simbole op die kwartiere van die Uniewapen tog verander is. Nou dat dit om 'n korrekte inhoudsvorm gaan, is hy erg begaan daaroor dat die Vrystaatse Provinsiale Raad, Provinsiale Administrasie, inwoners van die Vrystaat en waarskynlik talle ander nugterdenkendes buite die Vrystaat om 'n juister simbool vir die Vrystaat pleit.[33] Die saak word al sedert 1934 onder die aandag van die owerheid gebring en was dit logies dat by die moontlike verandering van die staatswapen tydens ons republiekwording die saak weer sterk na vore gebring sou word. Soos dit ten aanvang gestel is, as daar ander motiewe by die saak betrokke is, soos mnr. Pama insinueer, dan dra ek daarvan geen kennis nie. Hoe dit ook al sy, kragtens

30. Ek sou myself ook as ooggetuie kon insluit, want sedert die onthulling in Junie 1938 het ek kere sonder tal die houtsneewapen gaan besigtig en bestudeer, maar mnr. Pama het met al sy „adjektiewe" my onpartydigheid ten opsigte van historiese oordele by die leser al so onder verdenking geplaas dat ek dit liewer daar laat. Dit is egter merkwaardig dat dr. A. Kieser, wat destyds veel oor die wapen geskryf het, in die houtsneewapen sy sterkste bewys gevind het dat geen vrugte aan die boom pryk nie, en dit ten aansien van enige persoon wat die wapen wou besigtig, d.w.s. alvorens dit oorgeskilder is.
31. *Historia*, pp. 4-5.
32. Dit is tiperings soos „'n groot bohaai" en verskeie ander, wat in mnr. Pama se artikels voorkom, wat die indruk wek dat hy sake nie altyd objektief benader nie. Hoe sou mnr. Pama, sê oor 'n dertig jaar, daaroor voel as iemand sy betoog vir die oranjeboom as „fanaties", „pedanties", of wat ook al bestempel? 'n Mens kan begryp dat heraldici gevoelig is as daar 'n geroep opgaan om 'n staatswapen te verander, maar op wie se gesag word die destydse pogings nou as lawaaierig bestempel en waarom?
33. Die boom op die staatswapen, ten spyte van mnr. Pama se versekering dat dit ook 'n vryheidsboom simboliseer en afgesien van die feit dat ek en ander op historiese gronde volhou dat dit niks anders as 'n lemoenboom is nie, is m.i. eens en vir altyd as 'n doodgewone lemoenboom gestigmatiseer, en sou ek daarom nog eerder te vinde wees dat bv. 'n jaghoring i.p.v. 'n lemoenboom die Vrystaat op die staatswapen simboliseer. Dat die oorspronklike boom op die Grootseël van 1856 'n aanspraak in die staatswapen het, staan vir my steeds soos 'n paal bo water.

die heraldiek pleit mnr. Pama vir die behoud van die bestaande simbole in die staatswapen, maar die heraldiek laat glo toe (of kom die juridiese beginsel nou skielik hier te pas?) dat simbole op 'n wapen verander kan word en as dit nogal op goeie historiese gronde geskied, moet mnr. Pama nie so gesteurd daaroor wees nie.

(i) Ten slotte, ek sou met mnr. Pama kan saamstem dat ons ons verbondenheid aan die Westerse kultuur en beskawing nie moet nalaat nie, maar dit kom my ietwat naïef voor as dit op grond van 'n lemoenboom (of vir mnr. Pama 'n oranjeboom) in 'n staatswapen moet geskied, veral waar die pleidooi om die *vryheidsboom* van die oorspronklike Vrystaatse Grootseël ons ewe sterk, volgens mnr. Pama se eie uitleg, aan die Westerse kultuur en beskawing sou verbind.[34] Vir my lê die verbondenheid veral in die gees en nie soseer in „praktiese voorbeelde" wat nie met historiese feite strook, of waaraan nou ewe skielik betekenisse geheg word wat hul uiters kunsmatig aandoen omdat dit hoegenaamd geen tradisionele agtergrond het nie.

M. C. E. van Schoor.

34. Vgl. *Historia*, p. 12.